BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 16

Die vervulling van die Heilige Gees in die lewe van 'n gelowige, word ook sigbaar deur die gawes wat in 'n gemeente werk en leef. Die betekenis van die Griekse woord vir gawe [charisma of meervoud charismata], is 'n geskenk. Hierdie geskenk gee God onverdiend [uit genade] aan elke gelowige.
Alhoewel ons geneig is om te praat van die Heilige Gees en die gawes, verbind die Bybel die gawes ook aan die Vader [Rom.12:6; 1Pet.4:9-10] en die Seun [Ef.4:7]. Ook met die gawes is God-in-aksie.
Die Bybel gebruik die woord gawe in 'n breër en in 'n enger betekenis. In 'n enger sin word die volle verlossingswerk van die Drie-enige God as 'n gawe aangedui [Rom. 5:15-16; 6:23; 11:29]. In enger sin verwys die woord gawe na die bekwaamhede waarmee die Heilige Gees die gelowiges toerus [Rom.12:3-8; Ef.7:16; 1Pet.4:9-10; 1Kor.12-14].
In die gemeente as liggaam van Christus, moet elke lidmaat sy gawe(s) gebruik. Waar dit nie gebeur nie, kan 'n gemeente nie na behore funksioneer nie. Daarom gee die Heilige Gees genadegawes met drie doelwitte voor oë:

- Sodat gelowiges mekaar in die gemeente mag dien [1Kor.12:7].
- Sodat die gemeente opgebou kan word in eenheid en volwassenheid [Ef.4].
- Sodat God verheerlik kan word [1Pet.4:11].

MEER OOR DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES.

1. Lees Romeine 12:6-8; 1Korintiërs 12:8-10, 28-30; Efesiërs 4:11 en 1Petrus 4:10-11.
   Maak 'n lys van al die gawes wat hier voorkom.

2. Wat van nuwe gawes? Gee God vandag nog nuwe gawes aan sy kerk? Waarom sê u so?

In 1 Korintiërs 12-14 vind ons 'n aantal beginsels van hoe gawes gebruik moet word. Lees die betrokke gedeeltes en kyk of u die beginsel kan vind.

3. Lees 1 Korintiërs 12:1-3 [Let op veral vers 3].
   Wat bely ons in hierdie gedeelte?

4. Lees 1 Korintiërs 12:7.
   Hoe gebruik ek my gawe volgens hierdie beginsel?

5. Lees 1 Korintiërs 12:14-26.
   Watter beginsel sal u uit hierdie gedeelte formuleer?

6. Lees 1 Korintiërs 13:1-7.
   Liefde is die belangrikste. Hoe lyk die liefde wat Paulus hier beskryf? Gaan dit oor dade of emosies?

7. Lees 1 Korintiërs 14:1-5, 12.
   Watter beginsel rondom gawes vind u in hierdie gedeeltes?

8. Lees 1 Korintiërs 14:26-40.
   Watter beginsel rondom gawes vind u in hierdie gedeelte?

9. Lees 1 Korintiërs 12:31; 13:31 en 14:1.
   Watter twee gawes moet deel wees van elke gelowige se lewe?

10.Wat is die gawe van profesie?

B. ANTWOORDE.

1. Romeine 12: profesie, onderrig, leiding gee, dien, bemoedig, gee, help.
   1 Korintiërs 12: woord van wysheid, woord van kennis, geloof, profete, apostels, leraars, leiding gee, verleen hulp, genesing, wonders doen, tussen geeste onderskei, ongewone tale of klanke gebruik, ongewone tale of klanke onderskei.
   Efesiërs 4:11: apostels, profete, evangeliste, herders, leraars.
   1 Petrus 4:10-11: preek, gemeente dien.
2. Ja, God gee nog nuwe gawes aan sy kerk. Die beginsel wat die Woord ons leer is dat die Here aan elke gemeente gee wat hy nodig het. Juis daarom verskil die gawes van Korinte en Efese en Rome van mekaar.
3. Deur die gawes bely ons dat Christus die Here is.
4. Gawes word gebruik tot voordeel van ander.
5. Gawes ondersteun ander gelowiges sodat hulle volledig kan groei op geestelike gebied.
6. Liefde is belangriker as al die geestelike gawes in die kerk. Hierdie liefde is egter nie 'n gevoel vir mekaar nie. Dit is dade wat geleef word. Hierdie liefde vra: wat kan ek gee.
7. Gawes moet die kerk van die Here opbou.
8. Gawes moet op 'n ordelike manier gebruik word.
9. Liefde en profesie.
10. Dit is die vermoë om die waarheid van God so bekend te maak uit die Woord, dat dit gelowiges opbou, bemoedig en vertroos [1Kor.12:10,28].

****